**Dinsdag 28 Februarie**
**Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8**
**Fokusgedeelte: Openbaring 21:2, 3**
**God sal by ons woon en ons sal sy volk wees**

Die verganklikheid van ons wêreld laat ons dikwels bewus word dat daar dinge in hierdie wêreld is wat tot ’n einde kom (soos die afsterwe van ’n geliefde). So sal die eerste hemel en eerste aarde wat met sonde bevlek is, ook verbygaan (vs 1). Hierdie paar verse in Openbaring herinner ons egter weer daaraan dat alles nie net tot ’n einde sal kom nie – nee, God sal alles vernuwe tot ’n nuwe hemel en nuwe aarde.

Die heerlikste van die nuwe hemel en aarde is nie dat ons dan slegs maar ’n kommerlose, gerieflike lewe sal hê nie. Vers 2, 3 en 7 beskryf vir ons dat die heerlikste aspek van hierdie nuwe lewe is dat ons in ’n volkome nuwe en herstelde verhouding met God ons Skepper sal leef.

Die rede hoekom die wêreld, soos ons dit vandag ken, nog aan verganklikheid onderworpe is, is omdat daar vanweë ons sondes skeiding tussen ons en God gekom het. Tog het God ons nie net bloot gelos nie. In die Ou Testament sien ons hoe God sy teenwoordigheid by die mens deur die tabernakel en later die tempel uitdruk. Ons het gister gesien hoe hierdie voorstelling van ons verhouding met God juis ook die gebrokenheid van hierdie verhouding vanweë ons sondes uitdruk, maar ook hoe Jesus Christus deur sy versoeningswerk ons weer in ’n herstelde verhouding met God bring.

Deur Christus se soenverdienste en deur die kragtige werking van die Heilige Gees kan ons nou reeds iets van God se heerlike en magtige teenwoordigheid ervaar. Maar wanneer God alles finaal nuut kom maak, sal ons in ’n volmaakte, intieme, liefdevolle verbintenis(verbond) met God leef! Hy sal by ons woon en ons God wees en ons sal sy volk wees.

*Sing: Psalm 2-1:6*

*Ds. J Dunn (Johan) (Keetmanshoop/Mariental)*